Bou aan jou verhouiding

# Seksualiteit



## dit wat jy nie op jou troudag geweet het nie

Hoe gelukkig is jy nou in jou verhouding? Hoe gelukkig dink jy is jou lewensmaat in hierdie verhouding? Wanneer laas het jy jou jou man/vrou hartstogtelik gesoen? Wanneer laas het jy regtig moeite gedoen vir ’n *date*? Dis nie dat jy nie wil moeite doen nie, daar is net nie nou tyd nie. Is dit regtig ’n tyd ding, of is dit eerder ’n *energie* ding? Partykeer brand daardie vlam wat tussen julle was net nie meer so helder nie.

*Wat kan die Bybel ons leer oor seksualiteit en oor hoe om te bou aan jou verhouding?*

## Liefdesgedigte

Reg in die middel van die Bybel is daar ’n versameling van antieke liefdes-gedigte, gedigte wat so eroties is dat jong Joodse seuntjies dit nie mag gelees het nie… nie tot hulle baie ouer was nie! Nou, Hooglied beteken ‘die grootste, beste, mooiste lied’ en daar is agt hoofstukke hiervan. Dit is twee verliefdes wat met mekaar gesels en mooi woorde en beelde (*beelde wat ons nie altyd verstaan nie*) gebruik om mekaar te beskryf.

Dit is dus nie Salomo wat hier praat nie (*Salomo het 700 vroue gehad en nie net een waarop hy verlief was nie!*), maar hierdie boek word aan hom gekoppel omdat hy bekend was vir sy wysheid, poësie en liefde vir leer (*kyk 1 Konings 4:29-34*).

Hooglied is ’n boek wat liefde en seksualiteit ontdek. Hierdie tema word reeds met die eerste toneel bekend. Dis ’n vrou se stem, sy is opgewonde oor haar man, hy is ’n herder (*hierdie brokkie inligting help om al die vreemde metafore te*

*verstaan*). Hulle is nog nie getroud nie, maar verloof en hulle kan nie wag om saam te wees nie (*kan jy nog daardie skoenlappers-in-die-maag gevoel onthou?*).

> *Soen my, soen my weer en weer! Jou liefkosings is beter as wyn… Vat my saam met jou, kom ons hardloop!* — **Hooglied 1:2, 4**

Na hierdie eerste toneel word hulle geskei, maar hulle is heeltyd opsoek na mekaar… hulle vind mekaar dan weer, begin om mekaar te omhels, en net wanneer *dinge te warm* begin raak, sal die toneel skielik eindig.

Nou, behalwe vir hierdie aanhoudende soeke na mekaar, beskryf hulle ook die een waarop hulle verlief is met hierdie uitgebreide metafore:

> *Jy is mooi, jou oë is duiwe…* — **Hooglied 4:1**

> *Jou twee borste is soos takboklammers…* — **Hooglied 4:5**

> *Jou tande is so wit soos 'n ry pasgeskeerde skape…* — **Hooglied 4:2**

NB! Moenie probeer om jouself in te dink hoe hierdie twee gelyk het nie (*behalwe as jy voorkeur ‘movie night’ genre gruwelfilms is*). Hebreeuse metafore is nie hoofsaaklik visueel nie! Om hierdie metafore te verstaan, is jy veronderstel om te reflekeer oor die betekenis van die beelde…

Al hierdie gedigte en metafore word dan saamgevat in Hooglied 8:6-14 met ’n ‘love is…’ beskrywing.

> Die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur. Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie. — **Hooglied 8:6-7**

Die krag van liefde — mooi en lewegewend as dit beskerm word, maar gevaarlik en verwoestend as dit misbruik word… liefde is soos vuur. Liefde transendeer, is sterker as die dood, en wys altyd na iets meer. Hooglied leer ons uiteindelik dat hierdie liefde net ’n geskenk van God is.

# Liefde soos vuur

In Afrikaans het ons net een woord vir ‘liefde’, maar in die Hebreeus waarin Hooglied oorspronklik geskryf is, is daar ten minste drie verskillende woorde om te praat oor hierdie geskenk van God. Elkeen van hierdie Hebreeuse woorde praat oor ’n spesifieke aspek van ‘liefde’.

**Raya (*dit word uitgespreek ‘raai-ja’*)**

Raya kan letterlik vertaal word as ‘vriend’ of ‘metgesel’. Iemand saam met wie jy graag tyd deurbring. Ons kan selfs praat van so iemand as jou ‘soulmate’. Dit is die kern van hierdie verhouding tussen die twee verliefdes in Hooglied.

**Ahava (*dit word uitgespreek ‘a-ha-wa’*)**

Ahava kan letterlik vertaal word as ‘diep gevoelens’ vir iemand, ’n begeerte om by iemand te wees. Die verliefdes in Hooglied praat van ahava as iets wat so sterk is, ‘dit brand en vlam soos vuur’. Maar dit is anders en dieper as daardie aanvanklike romantiese geovelens en drange… Ahava gaan oor ’n *comittment*, ’n besluit om jou lewe te bind aan iemand anders s’n.

**Dod (*dit word uitgespreek ‘doud’*)**

Dod kan letterlik vertaal word as ‘liefkosing’. Dit is die derde woord vir liefde wat ons in Hooglied kry. Dis die Griekse woord ‘eros’ wat ons met ‘eroties’ vertaal. Hierdie liefde wys spesifiek na die fisiese uitdrukking van liefde (*ja, ons praat van seks*).

Hooglied praat van liefde soos vuur. Hierdie liefde is ’n geskenk van God (*terloops, in Handelinge wanneer die Heilige Gees op sy dissipels neerdaal, is dit in tonge van vuur…*). So, kom ons dink aan hierdie vorme van liefde, hierdie verskillende dimensies van ’n verhouding, as vlammetjies. En wanneer hierdie twee mense saamkom, is daar hierdie energie tussen hulle en al hierdie vlammetjies word een groot vlam. Jesus praat van twee mense wat so deel raak van mekaar — Hy sê hulle twee sal een wees (*kyk Markus 10:8*).

Om te bou aan jou verhouding, beteken dat jy moet seker maak al drie die vlammetjies brand… een vlammetjie brand maklik uit.  Al drie vlammetjies is ’n goddelike geskenk.

- ❑ Watter vlammetjie brand nie meer so helder in julle verhouding nie?
- ❑ Watter vlammetjie het al lankal uitgebrand?
- ❑ Watter vlammetjie brand helder, maar is nie genoeg nie?

# Liggame maak saak

Nou, dit is maklik om oor raya en ahava te gesels.  As tradisionele gelowiges sukkel ons gewoonlik om openlik oor dod te gesels.  So asof dit ’n verbode onderwerp is.  G’n wonder ons kinders het sulke verwronge idees oor seksualiteit nie.  Paulus gesels graag oor seksualiteit.

> ” Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.  — **1 Korintiërs 6:20**

In 1 Korintiërs 7:1-5 verduidelik Paulus dan wat dít beteken vir huwelikspare en hulle seksuele verhouding.  Wat Paulus probeer sê, kan saamgevat word met die woorde ‘met/vir mekaar’.  Drie keer sê hy dit…

> ” Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man.  — **1 Korintiërs 7:3**

Die woorde wat vertaal word met ‘huweliksplig’ beteken letterlik dat getroudes, oud of jonk, ‘vriendelik’ met mekaar moet wees.  In Engelse vertalings word die woorde ‘proper kindness’ en ‘affection’ gebruik.  Die ‘huweliksplig’ is dus baie meer as seks — dit is belangrik dat die raya- en ahava-vlam helder brand vir ’n vervullende seksuele verhouding.

- ❑ Wat doen julle om die regte atmosfeer te skep waar julle seksuele verhoding kan floreer, waar die dod-vlam ook helder kan brand?

> Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. — **1 Korintiërs 7:4**

Paulus maak 'n revolusionêre uitspraak. Destyds (*en partykeer vandag nog*) is daar aanvaar dat die man oor die vrou se liggaam 'beskik'. Dat die vrou ook oor haar man se liggaam 'beskik', was ondenkbaar. So 'n verhouding is dus nie eensydig nie, daar is nie ruimte vir enige misbruik nie. Julle gee julleself ten volle vir mekaar.

- ☐ Wat doen julle om mekaar veilig te laat voel sodat julle julleself ten volle oor kan gee… oor mekaar se liggame kan 'beskik'?

> Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming… — **1 Korintiërs 7:5**

Libido is die woord wat gebruik word om seksuele begeerte/drang te beskryf. Verskil in libido gee aanleiding tot baie ongelukkigheid in die huwelik. Baie keer is dit die persoon met die laer libido wat die 'pas aangee' in 'n verhouding, met die gevolg dat die ander een gewoonlik ongelukkig is.

- ☐ Hoe hanteer julle verskille in libido in julle verhouding? Kan dit wees dat daar een van die ander vlammetjies is wat 'n invloed het op julle dod-vlam?

# Bou aan jou verhouding!

Dit bring ons terug na die vraag 'het julle nog energie vir mekaar?'. Die huwelik is meer as kwaliteit-tyd saam deurbring (raya), meer as daardie voor-die-dominee-staan *commitment* (ahava), meer as 'n fisiese verhouding (dod) — dit is al drie saam.

Mag al drie hierdie vlammetjies in jou huwelik brand en mag jy hierdie geskenk aangryp. Hierdie liefde, hierdie energie, kom van God af… 'n Geskenk vir jou en jou lewensmaat, maar wat uitkring na die wêreld om jou.

**As die energie in jou verhouding op is, oorweeg een van die volgende:**

